Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskap vir bedryfspersoneel**

Die weergawe geborg deur: ioMosaic

# Klein pakkies kan soms baie gevaarlik wees!

**Maart 2011**







’n Ongeluk het gebeur tydens dekontaminasie van ’n houer met gevaarlike afval. Die afval is gedreineer in die houer tydens instandhoudingswerk en het metaal natrium bevat, wat hewig regeer as dit in kontak kom met water. Die operateur het die normale prosedure gevolg om die afval te neutraliseer, deur droë metanol by te gooi, dit warm te maak en 6-7 ure toe te laat vir die neutraliseringsreaksie. Na die reaksietyd het hy die houer uitgegooi en toe hy dit wou uitspoel, het van die afval wat nog in die houer agtergebly het, op die grond gemors. Dit het onmiddelik hewig eksotermies gereageer met reënwater op die grond en van die natrium het op die operateur gespat en hom beseer.

Die fotos wys ’n verskeideheid van groot en klein houers met gevaarlike afval wat gestoor word voor verwydering. Mens besef nie altyd dat afval baie gevaarlik kan wees nie, al is dit klein hoeveelhede. Dis veral belangrik vir mense wat daarmee moet werk, soos om dit oor te gooi in ander houers, bymekaar te gooi, te neutraliseer of chemikalië by te gooi wat dalk kan reageer. Wees ook bedag op die stoortoestande en wat die uitwerking daarvan op die afval kan wees. Is daar gevare van hoë temperature (polimerisasie, ontbinding) of lae temperature (vriesing)?

## Hoe het dit gebeur?

Na ondersoek is vasgestel dat die afval-houer ongeveer 70 mm slik bevat het, wat nie normaal was nie en nie op die etiket aangedui was nie. Die operateur het ander werkers gevra en hulle het aanbeveel dat hy die normale prosedure vir neutralisasie moet volg. Die laag slik het verhoed dat die metanol met die natrium wat onder die slik gelê het, reageer. Die prosedure het nie vereis dat die mengsel geroer moet word om reaksie te verseker nie.

## Wat kan ek doen?

- Merk alle houers behoorlik, veral die wat afvalstowwe bevat.
- Onthou selfs klein hoeveelhede afval kan baie gevaarlik wees.
- Maak seker instandhoudingsprosedures bevat instruksies oor die veilige verwydering van afval en volledige etiketering van die houers.
- Rapporteer enigiets ongewoon tydens dreineringsaksies aan jou toesighouer, byvoorbeeld slik waar daar nie normaalweg slik is nie, of onverwagte soliede stowwe.

**Onthou: Klein houers kan gevaarlike ontploffings veroorsaak!**

AIChE © 2011. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Thai, Telugu, Turkish, and Vietnamese.**